LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 13
18 April 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

LANGNAWEEK
'n Geseënde Paasfees word u toegewens. Indien u op die pad gaan, ry veilig en kom veilig terug. Die skool begin weer op Dinsdag, 23 April om 08:00.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

DE AAR EISTEDDFOD
As gevolg van die Revue wat in dieselfde week as die Eisteddfod plaasvind, kan die skool nie leerders vir voordrag inskryf nie. Daar sal slegs inskrywings vir fotografie en visuele kunste ingestuur word. Die sluitingsdatum is 31 Mei 2019. Inskrywingsgeld is R30.00. Vir enige navrae kontak mej Tanya Fourie by die skool.

SPORT

GRT PRIMêR UITSLAE
RUGBY

SPAN	LAER VOLKSKOOL	GRT PRIMêR
o.7	50	0
o.9A	35	7
o.11A	42	0
o.13B	10	12

NETBAL

SPAN	LAER VOLKSKOOL	GRT PRIMêR
o.7	0	2
o.8	6	0
o.9A	3	1
o.10A	7	3
o.10B vs o.10A	0	9
o.11A	10	15
o.13B	10	10
o.13A	19	16

VIR DIE KALENDER

Sport teen Kroonvale, 11 Mei 2019 skuif na 9 Mei 2019 by LVS.
Sunridge, 18 Mei, se wedstryd is weg (PE).
Hokkie teen Gill (weg), 24 April 2019. Spanne wat deelneem: o.7; o.8; o.9; o.10; o.13A & B.

HOKKIE

Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volkskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.
Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!

BELANGRIKE DATUMS

Rugby:

o.12 Proewe Datums:

- **Maandag 10 Junie 2019:** o.12 Zone Proewe (dorpspanne).
- **Maandag 15 Julie 2019:** o.12 Karoo Proewe by Laer Volkskool om 13:30.
- **Vrydag 19 Julie 2019:** o.12 OP Proewe in Despatch om 13:00.

o.13 Proewe Datums:

- **Dinsdag 24 April 2019:** o.13 OP Platteland Proewe by Gill College om 13:00.

Rugby en Netbal Datums teen Graaff-Reinet Skole:

`n Vasgestelde datum sal nader aan tyd deurgegee word aan spelers. Hier is die voorlopige datums van wedstryde met skole in die dorp.

- **23 –25 April :** LVS vs Isibane
- **29 –2 Mei :** LVS vs Thembalesizwe
- **13 –16 Mei :** Lingcom vs LVS

HIERDIE DATUMS IS EKSTRA WEDSTRYDE WAT DEUR DIE WEEK GESPEEL WORD, DIT VERVANG GEEN NAWEEK-WEDSTRYDE NIE!

ADVERTENSIES

TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies

Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra.

Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

DIE WEG NA GELUK

Geluk is iets wat net meer kan word
as jy dit ook met ander deel:
hoe meer jy weggee, hoe meer kry jy by,
en daar's niemand wat dit kan steel!

Spreuke 14:21

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803